# Bestuur



VLNR: Andre j/v Rensburg (Addisioneel), Attie Hattingh (Addisioneel), Roelf Brewis (Waarnemende Voorsitter), JJJ j/v Resnburg (Oud Voorsitter), Theo Senekal (Waarnemnde Onder-Voorsitter), Hettie Brewis (Penningmeester), Hester Miller (Addisioneel), Martie Smit (Sekretaresse), Buks Möller (Seniorburger Verteenwoordiger)

## Kontak Besonderhede van Bestuurslede:

| | | | |
|---|---|---|---|
| wnd. Voorsitter: | Roelf Brewis | 082 689 6519 | rbrewis.rio@gmail.com |
| wnd. Ondervoorsitter: | Theo Senekal | 084 657 6369 | theos@execmail.co.za |
| Sekretaresse: | Martie Smit | 082 411 6906 | mmesmit@telkomsa.net |
| Penningmeester: | Hettie Brewis | 082 442 2671 | rbrewis@telkomsa.net |
| Addisioneel: | Andre j/v Rensburg | 083 449 8281 | Andre.vanRensburg@up.ac.za |
| | Hester Miller | 072 947 9277 | |
| | Attie Hattingh | 076 187 4325 | attie@execmail.co.za |
| Seniorburger Verteenwoordiger: | Buks Möller | 082 462 2100 | |
| Oud Voorsitter: | JJJ van Rensburg | 079 692 1817 | j3vr@vodamail.co.za |
| Redakteur: | Roelf Brewis | 082 689 6519 | dieskadukol@gmail.com |
| Proeflesers: | Lizelle Brewis & Hettie Brewis | | |
| Facebook Redaksie: | Nelmarie Grobbelaar | 084 299 3703 | lengrob69@gmail.com |
| | Hettie van Rooyen | | vrooyet@telkom.co.za |

SAWA Webtuiste
www.sawa.org.za

SAWA Bosveld Webtuiste

Gaan Like Ons

# Die Skadukol

"IN DIE SKADU"

Volume 45

## Inhoud


2 : Die Redaksie sê

3 : Advertensies

4 : Voorsitter Verslag

5 : Kamp Program 2014
: Bank Besonderhede

6 : Nabetraging: Klipdraai (Presidente 2014)

7 : Statistiek: Klipdraai (Presidente 2014)

8 : Voorsitter Verslag: Roelf

9: Voorsitter Verslag: Roelf (Vervolg)

10 : Boskombuis: Braai broodjie wat terug byt

11 : Lag jou "Kol" af


12 : Pitkos
: SAWA Erekode

13 : Lief en Leed
: Wie Verjaar

14 : Volgende Kamp: Arendsnes: Veldskool-naweek

15 : Iets vir die Bosvarkies: Kom tot by die Skatkis

16 : Bestuur Inligting


Bosvelders by die 2014 Presidente

Voorblad Foto: Rudie Kleynhans - Streek Rietfontein Voorsitter



# Die Redaksie Sê

Hi Bosvelders.

Ons wil net graag vir JJJ baie dankie sê vir alles wat hy gedoen en opgeoffer het vir SAWA Bosveld.
Alhoewel dit nie nou so gesien kan word nie, kan hy nou so bietjie rus.
Hopelik sal die feit dat hy homself nie meer so erg oor Bosveld hoef te bekommer nie van die gewig van sy skouers afhaal by die werk.

Om julle 'n idee te gee wat dit is om Voorsitter te wees van 'n streek:
Daar is baie admin werk, wat jou soms tot laat-aand-vroeg-oggend besig hou, vergaderings wat jou ook tot laat-aand van die huis af weghou, en dan is dit maar slegs die begin.
Ons praat nie van al die dinge wat jou aandag verg, of as daar probleme sou ontstaan in 'n streek nie.
Al hierdie dinge word vrywillig gedoen en sonder dat daar 'n sent voor gevra word.
Bosveld is wat hy vandag is as gevolg van JJJ se leiding.
BAIE DANKIE VIR ALLES !!

Ek wil ook net graag 'n versoek rig aan almal.
Stuur asseblief maar goedjies deur wat julle graag in die Skadukol wil sien.
Dinge waarmee ons gewoonlik spartel is:
Pitkos, Iets vir die Bosvarkies en Lag jou "kol" af.
As julle enige idees, grappies of mooi versies of idees om die jongspan besig te hou het, stuur dit deur.
Dit maak werklik die wêreld se verskil as dit tyd is om die boekie saam te stel.

Die Presidente was weereens 'n reuse sukses, meer oor dit op Bladsy 6.
Lees ook meer oor ons volgende kamp by Arendsnes op Bladsy 14.
Ek wil ook dan net weereens herinner oor die afstelling van die Sitrusfees.
Alhoewel SAWA nie meer betrokke gaan wees nie, beteken nie dat julle nie hoef te kamp nie...
Julle kan nogsteeds bespreek, en as julle ATKV lede is sal julle nog beter afslag kry as wat SAWA sou gekry het...
Maar dit hoef ook nie net daar te bly nie.
Alhoewel ons besluit het dat ons nie 'n plaasvervanger gaan maak vir die kamp by Buffelspoort nie, is daar wel ander streke wat besluit het dat hulle tog maar 'n ander kamp gaan instel.
Ek sal via e-pos al die streke wat wel 'n kamp beplan se info vir julle deurstuur dan is julle meer as welkom om dan ook by hulle in te val.
Alhoewel dit nie as 'n eie kamp sal tel nie, tel dit nogsteeds dan as 'n algemene kamp.
Laat weet my dan maar net indien julle wel saam 'n ander streek gaan kamp sodat ek dit op julle statistiek kan sit.

Ons sien julle weer volgende keer onder die Skadu

Bosveldgroete








## Help die seerower by sy skatkis kom






Ons volgende kamp is by Arendsnes vanaf 27-29 Junie.
Hierdie gaan werklik 'n kamp wees waaroor julle spyt sal wees indien julle dit misloop...
Die tema vir die naweek is "Veldskool-Naweek". Die naam se alles...
Diegene wat op veldskool was sal kan getuig oor watter ervaring dit vir hulle was.
Daar word groot dinge beplan...
Onder andere is Lantern-bekruip, kleilat gooi, Kettie skiet en ek dink die groot trekpleister...
Paintball met ketties... Ja, dit is so pynlik en lekker soos dit klink... en diegene wat se:
"Ag, ek gaan speel baie paintball en dit is nie so seer nie..."
Julle was nog nie deur 'n paintball getref wat deur die mik van 'n kettie gekom het nie...

Die oord is baie netjies. Ons was die afgelopoe naweek gou daar om finale reëlings te tref.
Julle kan gaan loer op hul webtuiste: www.arendsnes1.co.za
Om by die oord uit te kom is ook nogal heel eenvoudig...
Van Brits af vat julle die R511, dis nou die Thabazimbi pad wat aansluit as julle met die hoofweg inkom in Brits in, nie die een wat verby Drie Berge loop nie.
Na ongeveer so 26 km sal julle 'n bordjie sien wat aandui: Arendsnes Links.
Daar draai julle dan en volg dit tot dit doodloop. By die doodloop draai dan Regs op die grondpad. Arendsnes is dan na so 250 m aan die Linkerkant.
Die GPS koordinate wat hulle gee is: 25° 37' 59" S, 27° 37' 54" E
Ons vra net dat as julle voor die hek staan vir Hettie 'n luitjie sal gee. Die oord bestuur sal haar selfoon nommer op die sisteem sit om die hek oop te maak.
Indien julle nie sein het voor die hek nie, gaan staan maar net so bietjie nader aan die pad.
Ons het daar so bietjie sein gekry.

Die koste vir die naweek beloop R520.00.
Betaal asseblief direk in SAWA Bosveld se rekening in. Die bankbesonderhede is op Bladsy 5.
Ek vra assblief dat julle ons sal laat weet of julle hierdie kamp gaan bywoon voor of op 2 Junie 2014. Onthou ook maar asseblief net: geen deposito, geen staanplek.
Indien julle enige iets wil uitvind omtrent die kamp kan julle my direk kontak.
Ek hoop om julle almal daar te sien.
Bosveldgroete, Roelf












# Uit die / van die Voorsitter




Dagsê Bosvelders

My gemoed is swaar waar ek nou hier sit ek skryf………
Op 'n plekkie met die naam van "Rooilyf" langs die Sishen spoor lyn, so 40 km van Groblershoop af.
Al wat hier is, is kalkklippe, rooiwoetynsand, Witgatbome en Trassiebosse.
As die wind hier begin waai moet jy nie 'n graaf op die grond laat lê nie, nie lank nie en hy is weg.
Toegewaai met die sand.
Tans bly ek op "Grootdrink" - Ja, daar is regtig so 'n plek. Vra maar vir Jurie en Kobus-hulle as julle my nie glo nie!!
Grootdrink noem hulle dit nie verniet nie - van die boere hier, verstaan my nou nie verkeerd nie, hulle is sout van die aarde, sal jou help net waar hulle kan. Van hulle het egter nie moedersmelk geproe nie, is direk op wyn groot gemaak en party van hulle is sommer in die wynkuipe gebore!!
Drink wyn soos koeldrank en iets sterker onder die prop soos koffie en tee!!
Van julle wat by die Presidente was het gehoor dat ek tans in die Noord-Kaap werk, dêm ver van die huis af en dat ek net eenmaal 'n maand vir 'n paar dae huistoe kom.
Vir hoe lank ek hier gaan werk weet ek nie ……
Al wat ek weet is dat ek julle seker eers weer by die AJV gaan sien. Dit stem my sommer bedruk!!
Sansie behoort darem by die kampe uit te kom.
As gevolg van bogenoemde het ons besluit dat Roelf Jnr gaan waarneem as voorrie en Theo skuif in as onder-voorrie.
Dankie julle, ek weet Bosveld is in goeie hande.
Alhoewel ek ver is, is die tegnologie darem aan ons kant - eposse en selfone werk darem hier.
Party dae ook maar net-net. Dis so droog hier dat die seine vrek…..
As die woestyn sand 5mm diep nat is van 'n bui reën dan reken die boere hier dat dit goed gereën het!!!
Neem asb kennis - my j3vr@vodamail.co.za adres is steeds in werking maar indien julle epos wil stuur, stuur dit ook na die volgende adres toe: hannesr@enzacon.co.za
Ek behoort dit dan te kry, miskien laat maar darem.
Weer terug by die Presidente - vir julle wat daar was, baie dankie.
Ek verneem dat ons 'n stewige bedraggie kon inbetaal aan die Nasionale kas.
Weerens dankie vir julle harde werk.
Dankie ook vir 'n foto waar daar lekker melktert ge-eet is. Hoop daar was maagpyne ……
Ek het die finale tarief uit eiendelik vir Manyane ontvang.
Ek hoop julle sit - die tarief is nou R175 per nag. Nogal 'n redelike verhoging.
Die tyd loop uit - stuur asseblief julle name vir Roelf, Hettie of vir my wat die saamtrek gaan bywoon.
Kan ek vra dat ons binne 2 weke 'n aanduiding kan kry van wie gaan kamp?? Ons sal dit opreg waardeer.



Julle sal nou minder van my hoor……
Ons praat egter weer van oog-tot-oog by die AJV.
Gee asseblief vir Roelf Jnr en Theo die ondersteuning wat julle my gegee het, dis al wat ek vra.
Indien dit gebeur gaan Bosveld nou 'n lekkerder en sterker streek word.

Nou ja, dan groet ek maar eers.

JJJ



# Lief & Leed

## Lief:


- Martie Smit het weer ouma geword.
- Baie geluk aan die wat verjaar het, en nog gaan verjaar.

## Leed:

- Daar was weer ingebreek by Danie en Karin v/d Nest se huis.
- JJJ moes weens werksomstandighede uittree as Streeks-Voorsitter

Stuur vir ons jul Lief en Leed na: dieskadukol@gmail.com of faks na 086 542 4431



| APRIL | MEI | JUNIE |
|---|---|---|
| 1 Elize Nortje | 4 Stephanus Groenewald | 3 Adriaan Smith Jnr |
| 2 Donavan v/d Nest | 4 Zelda de Beer | 4 Maruis Engelbrecht |
| 2 Charlene v/d Nest | 5 JP Schlebusch | 4 Maruis Pretoruis |
| 5 Mikayla Hough | 7 Andrea j/v Rensburg | 7 Gina Brink |
| 7 Theo Senekal | 7 Wilhelm de Beer | 8 Johan Gouws |
| 10 Elmarie Senekal | 12 Piet v/d Schyff | 8 Brian Owen |
| 19 Tiaan Smith | 12 Marthus de Beer | 9 Lea de Beer |
| 27 Tanya Pretorius | 13 Charmaine Smit | 11 Christopher Brink |
| 28 Andre j/v Rensburg | 14 Cornel Brink | 12 Tiaan Pretoruis |
| | 18 Hettie Brewis | 12 Jurie Walker |
| | 20 Elize Erasmus | 20 Ansie Eberson |
| | 21 Chelsè Smit | 22 JT Smit |
| | 22 Talbot v Rooyen | |
| | 24 John Wardley | |
| | 30 Robert Gillespie | |

Indien een van julle se name nie op die lys is nie, laat weet ons asseblief sodat ons die lys op datum kan bring...

## Pitkos: Padstal Bordjie

Hier is 'n stukkie lekker Afrikaans om te geniet.
Dit staan blykbaar geskryf teen 'n muur van 'n padstal naby Robertson.: <u>AFFIE PLAAS PADSTAL</u>

Soos **GROENTE** en **VRUGTE** is ons in die **ALLERHOOGSTE** se tuin:
**PAMPOEN** moenie **KOMKOMMER** nie en sing 'n **LITCHI** vir ons **HEER**!
Jy is **SY UIE** kind, Sy ***OOGAPPEL***!
Laat jou **KERSIE** vir **HOM** brand, want so by my **KOOL**,
ons **HEER** sal jou **opRAAP** en jou bewaar,
al is jou naam **PIETER** of **SIELIE**!
Hy sal nooit **RISSIE**, in **SY** arms het **HY** jou **BEET**,
met **SY** liefde **beAARBEI HY** jou!
Al is jy soms **hardeKOEJAWEL**,
sal **HY** jou nie uit **SY** hart **SKORSIE**, daar is jy vir altyd **ingeWORTEL**!!!

*Bron: E-pos van Gert Meyer Jnr*

# SAWA Erekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook die Riglyne en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie.
Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe.

2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons assosiasie uit te brei.

3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar.


4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik.

5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers.

6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ons in aanraking kom af te dwing.



# Kamp Program




Kamp Program vir 2014

| Datum | Oord | Tema |
|---|---|---|
| 24 - 26 Januarie | Buffelspoort | Asemskep (vroue naweek) |
| 27 - 28 Januarie | Buffelspoort | Seniorburger |
| 7 - 9 Februarie | Koppisol | Oop NUB |
| 21 - 23 Februarie | Bosveld Oase | Hengel Naweek (manne naweek) |
| 7 - 9 Maart | Onverwags | Sosatie-maak Kompetisie |
| 17 - 21 April | Klipdraai | Presidente |
| 27 - 29 Junie | Arendsnes | Veldskool Naweek |
| 20 - 24 Julie | Manyane | Seniorburger |
| 25 - 27 Julie | Manyane | Wildkyk naweek |
| 22 - 24 Augustus | Klein Paradys | AJV |
| 5 - 7 September | Bosveld Oase | Bestuurskamp |
| 19 - 21 September | | Nasionale Saamtrek |
| 17 - 19 Oktober | Buffelspoort | Kongres |
| 24 - 26 Oktober | Dube | Potjiekos Kompetisie |
| 27 - 28 Oktober | Dube | Seniorburger |
| 21 - 23 November | Eastco | Afsluiting |

**SAWA Bosveld Bank Besonderhede:**

**Standard Bank Montana**
**Naam van rekeninghouer: SAWA Bosveld**
**Rekening Nommer: 20-03-93-32-4**
**Tak Kode: 01-5945-00**
**Tipe Rekening: Tjek**
**Fax Nommer: (012) 252 7934**



Hi Bosvelders **BOS KAMERA**

Indien julle foto's het van kampe, laai dit gerus op ons Facebook Bladsy.
Op hierdie manier kan ons almal altyd daardie lekker kamp-herinneringe weer oor en oor beleef.
So...
Hou daai kamara gereed...

Ons facebook bladsy se adres is:
www.facebook.com/sawabosveld
Gaan loer gerus...

Julle kan ook die kode lees met jul slimfone om na die blad toe te gaan.




# PRESIDENTE 2014

Hi Bosvelders

Eerstens wil ek graag net almal bedank wat die saamtrek bygewoon het.
Baie dankie vir al die borge en die hulp by die tafel. Dis julle wat die Presidente so suksesvol gemaak het.
Alhoewel ons 'n baie stadige begin gehad het, het ons op die einde slegs 9 pakkies worsies oor gehad, en dit het ook vinnig voete gekry onder die lede wat daar was.
Na allles uitgewerk was, kon ons die NUB se kas opstoot met R 1,200.00.
Theo en Babs Senekal het sommer al die Dinsdag deur gegaan en was die enigste lede van Streek Bosveld wat die Seniorburger Kamp bygewoon het.
Toe ons Donderdag-middag daar ingesleep kom, toe was die oord gepak...
Daar was 'n totaal van 276 waens wat die saamtrek bygewoon het.
Danie en Karin v/d Nest het ook vir ons 'n geskenkie gebring in die vorm van 2 nuwe lede wat aangesluit het.
Adriaan en Marlene Smith en Marthus en Linda de Beer.
Hulle het ook nog 'n klompie jonges wat uiteraard die toekoms is van SAWA.
Baie welkom by SAWA Bosveld julle.
Vrydag het lekker rustig verloop, en later die aand het ons toe maar begin om voorbereidings te maak vir Saterdag.
Saterdag was ons vroeg-vroeg op om die stalletjie op en werkend te kry.
Die jantjies was kort voor lank reg en in die bakke, reg vir die eerste mense om te koop.
So teen 14:00 se kant was die laaste jantjies verkoop en was dit tyd vir die groot opruim en skoonmaak. Uiteraard was almal gedaan, maar nietemin was daar nog om die vure gekuier tot laat.
Sondag was net 'n lekker lui rustige Sondag. Dit het baie vreemd, maar tog lekker gevoel om te weet dat ons nie hoef op te slaan en te ry nie.
Vreemd genoeg het meeste mense Sondag-aand vroeg-vroeg gaan inkruip... wonder hoekom?...
Maandag was dit alweer DAAI tyd...
Jy kon sommer sien hoe die waens een vir een verdwyn en die oord leër raak...
Na ons lekker rustig op ons tyd opgeslaan het, het ons toe maar weer die die pad gevat huis toe.
Heel waarskynlik het almal weer op die pad terug al die herinneringe weer beleef wat hulle ervaar het tydens Presidente 2014.
Bosveldgroete
Roelf







INDIEN JULLE DALK IETS SNAAKS HET, OF ENIGE IDEES OF GRAPPIES HET.
SELF 'N SNAAKSE STORIE WAT MET JULLE AL GEBEUR HET.
STUUR DIT ASSEBLIEF VIR MY...
HOE GROTER ARGIEF EK HET HOE BETER...




## BOEFEL EN BLAPS

VERTALING: ROELF BREWIS
KUNSTENAAR: JOE SCHMIDT



# Bos Kombuis

## 'n Braaibroodjie wat terug byt...



Bron: Internet

**Bedien: 4**
**Voorbereiding: 10 minutes**
**Braai tyd: 15 minutes**

**Jy kort:**

·3 t "crushed" knoffel
·2 – 5 t maaskaas "cream cheese" (Simonsberg se Tangy Mustard werk lekker)
·2 t botter
·1 handvol vars, fyn gekapde pietersielie
·1 - 2 rooi jelapeno chilli, fyn gekap
·2 koppies gerasperde kaas
·1 plat, "Round loaf" of "French loaf"

**So maak mens…**

1.Meng al die bestandele behalwe die brood.
2.Sny diep snitte, maar nie deur nie, in die brood dwars en oorkruis
3.Sit die mengsel tussen die snye in.
4.Draai die brood toe in 2 lae foelie en braai vir 15 na 20 minute oor die kole.
5. Sny in stukkies en geniet…






SAWA Bosveld Lede

| Lid Nommer | Lid Naam | Alg. Kamp # | Eie Kamp # |
|---|---|---|---|
| 10064 | JRP Brewis (snr) | 136 | 120 |
| 12098 | JRP Brewis (jnr) | 31 | 25 |
| Nuwe Lid | MJ de Beer | 1 | 0 |
| 12663 | L. Grobbelaar | 3 | 2 |
| 7499 | JJ j/v Rensburg | 136 | 116 |
| 6269 | G Meyer (snr) | 320 | 231 |
| 7492 | G Meyer (jnr) | 296 | 208 |
| 12150 | JPJ Miller | 90 | 79 |
| 11265 | TJC Senekal | 57, 58 | 49 |
| Nuwe Lid | JA Smith | 1 | 0 |
| 11493 | D v/d Nest | 26 | 21 |

Boekevat Donderdag-aand: Ds. Johan
Erediens Vrydag-oggend: Ds. Johan
Boekevat Vrydag-aand: Jurie Dreier
Boekevat Saterdag-aand: Geen
Erediens Sondag-oggend: Ds. Johan

'n Lugfoto geneem van die 276 waens tydens die 2014 Presidente saamtrek.

Gebied Jakaranda het 'n totaal van 40 waens teenwoordig gehad

Kan julle streek Bosveld kry?...

Foto geneem deur: Rudie Kleynhans Streek Rietfontein Voorsitter



## *Uit die van die Waarnemende Voorsitter...*

Hi Bosvelders

Daar was al lankal gepraat oor hierdie dag, maar min het ons geweet hy gaan so gou kom...
Ek wil 'n besondere dank aan oom JJJ sê vir alles wat hy gedoen het vir SAWA Bosveld.
Alles wat SAWA Bosveld vandag is, is hoogs ten danke aan sy leierskap en opofferinge.
Ons is baie hartseer om hom te verloor as Voorsitter en ek weet ek het baie groot skoene om vol te staan... Ek hoop en bid dat ek dit sal kan regkry...
Ek weet wel dat ek nog baie op oom se knoppie gaan druk...

Daar is so paar sakies wat ek graag oor wil praat:

Die Presidente
Alhoewel ons 'n paar mense was wat die saamtrek bygwoon het, was ons so bietjie te min.
Ek sal daarvan hou as ons meer Bosvelders by die volgende Presidente kan wees.
Ons het ook besluit dat ons nie by die volgende Presidente weer Jantjies gaan maak nie.
Dit is suksesvol, maar dit is hoog tyd vir 'n ruskans.
Ons gaan eerder deur die loop van die jaar fondsinsamelings hou om dan op die Presidente volgende jaar net 'n donasie te gee.
Die wat dan dan die Presidente gaan bywoon kan dus dan die verrigtinge ten volle geniet en dan ook die ander streke se stalletjies ondersteun.
Ons kon hierdie jaar ook nie aan die Boeresport deelneem nie omrede ons te min lede was.
Indien ons nie die Jantjies gedoen het nie, sou ons ook net-net 'n span gemaak het.
Kom ons daag volgende jaar in die hoë getalle op en wys waarvan is Bosveld gemaak.

AJV 2014
Die AJV kom ook nader.
Ek wil julle vra om solank moontlike oorde wat julle wil besoek met kampe vir ons deurgee.
Ons moet solank 'n voorlopige beplanning aanmekaarsit.
Dit sal help om te kyk of ons dalk saam met ander streke dalk op dieselfde naweek by 'n oord kamp, en daardeur dalk nog beter tariewe te kry.
AJV gaan ook natuurlik oor die bestuurs-verkiesing.
Ons bestuur is tans 'n baie goeie span, maar ek besef van julle is ook al moeg.
Indien dit so is, laat my asseblief of julle weer beskikbaar gestel sal word om weer verkies te word, as nie, dink maar aan 'n goeie vervanger en stuur hul name deur.
Ons het nou al klaar vir JJJ op bestuur verloor, en hy verdien sy ruskans net soos julle.
Maar ek vra mooi, indien julle nog so bietjie krag het, byt vas en bly op die bestuur.
Uiteraard is dit ook maar nie ons besluit nie, maar die lede wat die bestuur kies.
Vir julle wil ek net vra, kies asseblief persone wat julle weet die nodige take sal kan verrig.



Ek het dit goed gedink om vir Theo Senekal in plek as Onder-voorrie aan te stel.
Tog is ons maar net Waarnemend tot by die AJV, waar iemand anders dan gekies kan word, of ons amptelik in die poste geplaas gaan word.

Sitrusfees 2014
Alhoewel SAWA besluit het dat hulle nie meer die Sitrusfees gaan aanbied nie, kan julle nog maar na Buffelspoort toe gaan, indien daar nog plek is...
Ek hoor Steve Hofmeyr tree op onder andere hierdie jaar so dit beloof om iets te wees waarna mens kan uitsien.
Soos ek verstaan het die oord nou ook hul koste verminder, of dit waar is weet ek nie.
Maar nietemin, SAWA het alreeds onttrek, wat eintlik 'n jammerte is, want SAWA Bosveld het begin met die Sitrusfees.
Ons het ook nie 'n plaasvervangers-kamp gemaak vir Mei maand nie, so indien julle wil inskakel met een van SAWA se ander streke, is julle meer as welkom.
Ek sal probeer uitvind wie kamp waar dan ek sal ek dit via e-pos aan julle deurstuur.
Dit tel darrem nog dan as 'n algemene kamp, maar nie as 'n eie kamp nie.
Laat weet maar asseblief net vir my of vir Theo as julle saam 'n ander streek gaan kamp.

Manyane Gebied Kuiernaweek
Na baie rep-en roer het JJJ uiteindelik 'n finale syfer gekry van die oord af.
Tans is hulle besig om die oord weer reg te ruk, hoe vêr hulle is weet ek nie.
Ongelukkig het die datums een week aangeskuif en sal die senior-burger week vanaf Sondag 20 Julie tot Donderdag 24 Julie wees.
koste beloop R 175.00 per nag plus R 10.00 vir die plaatjie.
Die kuiernaweek is dan van Vrydag 25 Julie tot Sondag 27 Julie.
Koste vir die naweek beloop dan R 360.00
Ongelukkig val dit op dieselfde tyd as die Gospel-fees, en ons besef dat daar so bietjie aftrek gaan wees van die ander streke wat alreeds bespreek het om Gospel-fees toe te gaan.
Ek self sal ook nie daar kan wees nie omrede ons ook alreeds iets anders beplan het vir die naweek.
Die rede hoekom ons die naweek geskuif het is om koste te bespaar.
Die oord het die winter "Special" geskuif, en as ons nie aangepas het nie, sou ons omtrent dubbel die tarief betaal het.
Ons vra asseblief dat julle voor 8 Junie ons sal laat weet of julle die kamp gaan bywoon sodat ons die voorlopige staanplekke by die oord kan bevestig.
Julle kan of vir my, of vir JJJ of vir Theo laat weet.
Uiteraard sal al die Bosvelder wat die saamtrek bywoon as Kampkommandante optree, maar die hoof kampkommandante sal dan Roelf & Hettie Brewis, Theo en Babs Senekal en oom Buks en tannie Lettie Möller wees. oomB uks en tannie Lettie sal dan ook ons hoof kampkommandant tydens die senior-burger kamp wees.

Bosveldgroete: *Roelf*